

Stories en kort verhale

geskryf deur wrathex - vyg fynbos

"Stories om te vertel ..stories om te vertel ! "
basuin die laagvlieënde Sony digibird, terwyl
dit inzoom op Roelof en Leuce wat in die bak
van die satelliet skottel sit.

Die twee toring aan die ou ontvanger en kan hul seker
glad nie verbeel hoe dit moes wees in die ou dae voor
die implants nie.

My jinne, maar waar loop my gedagtes dan nou, ek
wou net sê dat jy hier lekker stories kan lees en dit
nogal op die ou manier.



Marsogoggend

Woensdag oggend op Mars, dis koud en dis stil, en
alles is onder beheer.

Die glasmodules waarin ons woon, is duidelik sigbaar
op die foto, daar is drie woon modules, elke woonpod

het n bevolking van so tussen 12 000 tot 20 000 mense.

Die groen skynsel op die pods is fosforiese mars mos het begin groei het na die krater vol water gepomp is.

Die pods was klaar gebou teen 2185, en met die vertrek van die konstruksie en myn vloot het die koloniste se ruimteskepe die een na die ander geland.

Die kolonie se offisiele naam is **Cape Mars**. Die Capetonian Institute for Neuraltechnology het die die eerste Suidelike Afrika optog na n planeet, gefinansier en dit het vyftien jaar geneem om die 50 000 Mars koloniste te vervoer.



Tydens die vyftien jaar was die aarde se herkonstruksie projek al goed aan die gang, maar steeds het die groot ruimteskepe duisende mense weggedra van die aarde na n gesonder toekoms op die planeet. Die Cape Mars kolonie is met moderne tegnologie toegerus en is een van die mees welvarende kolonies in die buite-planeet.

Die suksesvolle ontginning van nuwe en skaars mars metale, het gesorg dat die kolonie n besige hawe ontwikkel het, met die gereelde besoek van mynskepe. Die mynskepe is n kleiner tipe ruimte skip en vervoer ook vrugte rou materiale.

Die kolonie het ook begin eksperimenteer met die mos en het reeds twee varieteite mos olies ontwikkel en bemark deur die Cape Mars Refining Company Ltd.

Die olie is ryk aan eksotiese bestandele en het beide industriële potentiaal en word reeds gebruik as n biotiese serum in meeste van die planeet.

Die volk hier staan bekend as Safarians, en alhoewel afrikaans deur die hele bevolking gepraat word, word engels, xhosa, zulu, sotho, hollands, chinees en spaans ook ewe veel gepraat.

Die sosiopatie van die mense is n samesmelting van oosterse en utilitarian filosofie ten opsigte van kultuur en sielkunde.

Elke inwoner behoort aan n guild, en die guilds beheer

elk n strategiese funksie. Elke indivu het n funksie en speel n belangrike rol in die algemene instandhouding van die woonpods... om dit ligtelike te stel...almal werk saam.

Die fragiele en beperkte bio-atmosfere van die woonpods, is die rede hoekom die bevolkingsgroei streng beheer word. n Tipiese familie eenheid is drie en met net die helfde van die bevolking wat heteroseksueel is, word daar n goeie balans handhaaf.

Dit gaan goed met my en Jan, ons werk baie hard, ons link na aarde toe is redelik, en ons is in goeie gesondheid, Jan het n nuwe stokperdjie, hy ontwerp neonglas lampe met gas wat van marsiese mos olie gemaak is.

Deesdae spandeer ek meeste van my sosiale tyd in Virtual Nets en ek ontwerp op die oomblik n mikrokosmos van die Kruger Wildtuin, die diere is baie interresant, maar vat besonders lank om te programmeer..die virtual kosmos speel af in die jaar 1960, ek het nog nie aan n naam gedink nie, maar bemarking kom eers baie later.

Ek kekkel te veel, ek is seker hierdie boodskap gaan dae vat om deur spacemail se netwerk te skeur, liefde aan al ons vriende daar op die ou aarde, en onthou mense... **alles is onder beheer !**

songroet !



Ekstra C

Ek staan teen die muur in die donkerte en hou die ander mense dop. Die musiek doef-doef deur my lyf en my kop beweeg op die ritme vinnig heen en weer. Die laserligte disorienteer my, helder kleure flits chaoties voor my oë.

Nog jagters staan saam met my teen die muur, en ek wonder watter ekstrakte vloei vanaand in hul bloed. Ek voel die voorgloed van die ekstra c , my hart klop vinniger, ek begin sweet, glimlag, dit kom.

My kop ontplof, ek moet beweeg, die energie is te veel, ek glimlag aaneenhoudend, emosies van liefde rol soos water oor my. Ek beweeg deur lae van insig, ek voel so tevrede, haatloos, ek intergreer met die nag.

Daar's 'n opgewondenheid, almal om my voel dit ook. Ons kyk vir mekaar en ons lag saam, want ons weet.

Die energie is oorweldigend, ek hanteer dit goed, bly

kalm ,bly kalm.

Dis die groot dans, blitsvinnige ritmes en onritmes, ek beweeg saam (meer soos 'n zulu, as die ander) stewige bewegings,arms,bene,strek-strek,hop-hop. Rook borrel uit die vloer soos stof. Die bottel water staan voor my tussen my bene, ek drink daarvan en offer vir die danser langs my, hy drink ook en gee dit terug.

Ek beweeg nader aan 'n spesifieke laserlig, strek my hande na die sterre en bad in die pers ligvertoning. 'n Danser voor my draai om, moedig my aan met wilde arms, saam dans,links reg,swaai-draai,op-af,hop-hop, strek-strek,regs-links...vir vier uur lank.

Ek begin neerdaal en afkoel, drink baie water en kyk wat gaan aan in die koelkamer. Dis warm en vol rook. Ek soek 'n sitplek naby 'n meisie met twee blink vlegsels, ek skat dat sy so ses-en-twintig is, ons glimlag vir mekaar.

Daar's vreemde mense hier,nagapies wat verskrik is maar hard probeer koel wees. Vêr in die hoek is 'n groep mense wat 'n jong meisie kalmeer, dit kom voor of sy nie haar chemika onder beheer het nie, sy gee hort-kort 'n gil en hop liggies van kant tot kant. Die mense om haar praat saggies met haar,streel haar en laat haar nog water drink. Sy word weggelei.

Die meisie met die vlegsels het 'n baie kort rok aan en

soos sy ronskuif sien ek haar neon wit pantie ,haar sagte binne-been. Die jagter in my sit skielik reg-op en ek beweeg my bene sodat my lus onopgemerk sal gaan.

Ek word nou moeg, iemand offer my iets wat soos wyn lyk, maar nie wyn is nie, ek skud my kop en staan op.

Dis al vroeg-oggend, dis koud buite ,maar die wind waai nie. Ek klim op 'n stapel houtstompe wat op die kaai lê, vanwaar ek 'n uitsig oor Tafelbaai het. Ek voel tevrede,dit gaan 'n goeie naweek wees.

Die son kom en Tafelberg word verlig, ek sit my sonbril op,haal my karsleutels uit , ek word haastig om by die huis te kom, ek wil my e-pos lees, die hoenders voer.

Ek draai by die hawe uit, helder strepe flits hier en daar oor my visie en die ritme van die groot dans klop iewers in my kop, ek is vol idees...



Die PAN

//PAN/huisnet5/netnuus

Sektor CPT-4509 is sedert gister al van Worldnet afgesny, dis so ongeveer 32 miljoen mense, Worldnet

beweer glo dat n groep tekwebbies van daardie sektor by hul kode argiewe probeer inhakkel het en dat die hele sektor nou gestraf word en dat die sektor sal herlink word sodra die skuldiges uigelewer word deur NetWeb sekuriteit.

Die NetWeb tekhead vir Sektor CPT-4509 beweer dat die hakkel nie vanaf hulle sektor gemaak is nie en dat hulle trafficbots inligting tussen roetes KA 456 en LP 3098 gelog het, wat aandui dat die inbraak vanaf Sektor CPS-4509 gemaak is.

Ek vermoed dat die hakkels dieselfde groep is wat so vyftien jaar gelede, vanaf Oldnet die NewCapeDome se gravity setting verander het. Die dome het amper ontplof en ongeveer agthonderd duisend mense is dood. Dit het 50 miljard rand gekos om die dome te herstel.

Wel, ek moet sê dat ek nie veel simpatie met Worldnet het nie, as hulle securitybots so lax is, is dit seker omdat hulle die bottekkies te min credit. - ed

/sosiale nuus

maar wag, rede hoekom ek link is, om julle die goeie nuus te gee !

Die prammetjie wat ek geskryf het vir dimmercontrols op die kers se vlam, is gister deur Kyotika Japan gekoop, die nuwe chips is klaar in produksie, so HA HA, ek is klaar betaal.. en raai WAT ... ek het vir ons een hele vierkante meter ekstra ruimte gekoop.. ek is

so opgewonde.. so geluk mense, ons het nou nuwe status, ons is nou klas C2, met n totale woonruimte van 13 vierkante meter! - ed

/boodskappe/Susan com: Dolf

Ek kannie wag tot jy weer surface toe kom nie, o ja, ek wou jou ook herhinner om asseblief weer van daai lekker seewier noodles saam te bring, ek sal graag vir Sequencia wil nooi na ons plusplek welcoming party, sy's mal oor daai noodles. Ek weet jy werk baie hard, en is te moeg om connets te lees, dis hoekom ek die boodskap op huisnet sit, ok

ps: ek hoor julle snoek se DNA sekwensie is een van die beste vis kodes wat daar is ?

PAN 17 nooi al die PANNETTE uit om maandeinde deel te neem aan die Natkv se kunsfees kompetisie, alle kunsvorms welkom.[ek het gehoor dat die vr-stadion a massive overhaul kry en dat die nuwe Svr-programme deur BLOU BOBBEJAAN geskryf is]

/roetine:

ons sektor word Vrydagaand vir 20 minute ge-de-link van DomeNet (inspeksie bots)

2047-12-6 INT 19:30 tot 19:50 (net huisnet sal dan online wees)

level 4 en 7 citizens moet aanmeld by medies gedurende Januarie, en onthou vr-caps gaan ook gescan word, so neem dit saam.

kleuters word vanaf Maandag verplig om filosofie klas te loop, DomeNet stuur detail na elke ouer en kind.

Die Plaaslike Afrikaanse Netwerk 5 (PAN 5) editor ends.



Ysterhond

ek stap baie versigtig oor die brug, onder my borrel die lava en die klanke daarvan suis in my ore, ek haal die safety catch van my pistool af, en met my hand geklem op die kolf, kyk ek vinnig op teen die kranse en sien geen gevaar in die rooi lug.

veilig oor die brug, stap ek slaggereed met die paadjie langs, al kronkelend teen die kranse op, ek hoor iets..nie seker waar die geluid vandaan kom nie, my ore spits, my oë vernou, ek staan stil, om beter te kan hoor, kyk op en af na die kranse, sien niks, die geluid echo, ek bêre die pistool en haal my lasergeweer uit, ek het n gevoel dat iets erg gevaarlik om een van die draaie vir my wag..

ek stap verder, luister, haal vinniger asem, hartkloppings, dit klink soos n ysterhond se asemhaling, ag nee, as daar een dier is wat ek haat, is dit die agterbakse ysterhond.. sweep die kranse, dan kruip om die draai, sien n rooikruis pakkie, wonder of dit n lokval is, my stamina is flou, ek het dit nodig,

stap vinniger nader, die paadjie nou breër, tel die pakkie op en voel verlig en sterker, die ysterhond spring uit die krans !

ek duik paniekbevange uit die pad van sy giftige roltong, te laat, hy pik my, ek sidestep weer, draai die supershotgun en mik terwyl ek kniel en skiet !.. ek skiet raak, hy pik weer, ek skreeu van pyn, skiet weer en sug van verligting toe hy dood neerval.. jissis !!

ek stap verder en kry nog n rooikruis pakkie, verslind dit dadelik, voel beter, nog steeds beangst, leopard crawl tot by die volgende draai amper op die kruin van die krans, loer om die draai en sien die basis..

twee wagte patroleer die ingang gewapen met masjiengewere, die paadjie kronkel skuins af met n stink neongroenerige radio aktiewe sludge rivier net voor dit..ek stap verder, bly na aan die krans uit sig uit, hoor weer iets, spits my ore, dit klink soos n vuurwapen wat oorgehaal is, ek sak neer, sit stil en sweep die terrein voor en op teen die kranse, ek kruip versigtig naby, kyk om die rots en sien niks, stap stadig met die paadjie langs, stop dadelik toe ek weer die oorhaal klank hier naby my hoor, dis n knypwag ! hy storm op my af, sy knypers klikker kliphard, hy mik, ek skrik en skiet twee skote, die wag is dood, mors bloody dood !

ek vee sy bloedspatsels van my gesig af, gaan my ammunisie na, kyk na die dooie wag met walg, buk by

hom, en drink sy waterbottel leeg, sien die staminapakkie en eet dit ook. Ek voel beter, maar ek is moeg en stap verder..

by die groenrivier stap ek op en af op soek na n oorgangspunt, ek sweep die terrein, niks roer nie, eindelijk kry ek n plek waaroor ek dalk kan spring, ek tel my terugtreë, hardloop en spring, ek maak dit net-net..ek rol teen n klip en raak yskoud, ek is plat op my rug, sien hoe seil die twee handgrenate...



Winkel Fantasie

My rok was bo oopgeknoop en my vol ronde tieties was heelwat sigbaar, die rok het knope van bo tot onder en was van onderaf ook oopgeknoop sodat my donker driehoek net-net sigbaar was terwyl ek loop, sonder pantie, soos ek daarvan hou.

Ek kon voel dat iemand vir my kyk, ek was besig om deur 'n wetenskap fiksie boek te blaai, ek het stadig omgekyk,skuins oor my linkerskouer en in sy vurige bruin oë vasgekyk, hy het vinnig weggekyk.

Hy was nogal aantreklik met smeulende oë en ek kon voel hoe my poessie natter en natter word, ek het vir

die boek betaal en rustig met die roltrappe na die boonste vloer gegaan, hy het my agtervolg. Naby die bioskope was n lang gang na die toilette, ek het daar afgestap, maar verby die damesdeur gestap tot net om die hoek, die gang was donker en stil, ek kon sy voetstappe hoor.

Dit het baie vinnig gebeur, hy was skielik hier by my en het my dadelik stewig vasgegryp, sy een hand sterk op my boud en sy ander hand deur my lang rooi hare, waar hy my kop vasgehou het, ek was verskriklik jags en warm jagse rillings het deur my poessie gegaan, ek was nat,nat,nat en toe ek sy harde been teen my voel druk, moes ek na my asem snak, hy het sy hand van my boud af na my poessie laat gly en ek kon voel hoe jags hy word toe hy voel hoe nat ek is, hy het my klit saggies gevryf,terwyl ons baie ernstig en jags soen, ek het sy jean se knoop losgekry en my hand oor sy onderbroek teen sy harde penis gevryf.

Ek het my een tietie ontbloot en hy het my nipple hard gesuig, toe tel hy my op sodat ek my bene om sy heupe draai, en ek voel sy groot vuurwarm kloppende harde penis diep binne my poessie, ons het wild genaai,terwyl ons soen, dit was vinnig, maar o god dit was fantasties, sy orgasme het my laat snik en toe kom ek, die orgasmiese vloede het my laat kreun van plesier, ons het gou-gou onself ordentlik gemaak en ek is reguit na die dames toilette toe, waar ek sy semen opgevee het, hy is weg, ons het mekaar nooit weer

gesien nie, maar ek word nou nog jags as ek daaraan dink.

**Die buk-buk
van die vrou**



Die bukboek van die vrou

Maandag Junie 23 1998 10:30 am

Sy loop badkamer toe en spoel die slaapsand uit haar oë, dan borsel sy haar tande, bo, onder, langs die kante en laastens borsel sy haar tong . . . *o jissis, ek beter eerste die visse kosgee, dis seker al vier dae, en die plant wat van die deurskroef afhang.. o here..ek beter nie van die varing op die printer se tafel vergeet nie dan lag sy stil-stil terwyl sy haar gesig en hande afdroog..en kyk in die spieël. . . mmm daai rokersplooi is baie prominent..31..Rina het mos haar oë laat doen..nee..aaaaag nee wat..who cares..*

terug in die kamer, trek sy n wit pantie aan en gaan staan by die lang spieël, haal die drie rekkies uit haar lang rooi hare, vat die tossel hare in haar linkerhand, en begin borsel, sy kyk na haar juweelkissie. . . *ek het mooi goeters en dra dit selde, shit wat help dit mens het alles wat jou hart begeer en niemand om dit mee te deel nie sy kry n knoop in haar hare en en hou die string hare op teen die spieël en*

ontknoop die hare en borsel dan verder. . . *gelukkig slaap Tron nog..peace for a while..ek wonder of metalchip regtig vir my die pakkie gestuur het en of hy net kakpraat en my probeer rip..sal maar moet sien..nou vir wat het Johan n standerd nege kind gebel..weird.. en hy sê sy kannie n woord afrikaans praat nie.. ek wonder of sy dan daai gedig geskryf het.. want dit sê dan seentjie..dis mos seun..sy's dan n meisie..ek gaan vir Graham email, ek is nie lus vir die computerclub Vrydagaand nie*

sy vleg haar hare in een lang dik vlegsel en trek haar bra aan.. staan dan verleë by die klerekas en staar. . . *kannie wag om daai lekker checkhemp te dra nie, koue winter, reën, blos wange, ek lyk mooi in die winter, ek is nie n somersmens nie..ek het nog nooit daai boots gedra nie.. sy draai om en tel die shorts en t-shirt op wat sy gister en eergister aangehad het en trek dit aan. . . verveeeeelig, miskien moet ek lipstick aansit en my bangles ..nee, die bangles pla my tog net as ek tik*

terug by die spieëltafel sit sy helderpienk lipstick aan. . . *ek weet... ek sal die oranje lint in my hare sit sy haal die oranje lint uit haar lintelaai se lintespaggetie en maak dit aan haar vlegsel vas, dan spuit sy parfuum aan haar nek en die binnekand van haar linker elmboog. . . dis beter..ek voel goed vandag..ek wonder tot hoe laat Tron gaan slaap..hy put my uit..sowaar ek het n break nodig*

oppad kombuis toe buk sy om die blou radarskottel lego blokkie op te tel, sy buk dan weer vir die plastic swaard, vir die leë milo boksie en weer vir die toothpick. . . *ek buk buk buk my lewe lank.. ek moet n verhaal skryf daaroor, die buk-buk van die bukvrou..ha ha ha ha..dit klink snaaks..*

in die kombuis gooi sy die milo boksie en die toothpick in die drom, rol die blinding by die opwasbak oop en kyk met n afbek na al die skottelgoed, dan sien sy die miere. . . *die bloody opwasbak aagh..nee ek doen dit later..hey dis regtig baie klein miere die, shame die arme goed,almal spuit net gif en nou trek hulle by my in..ek wonder of Naomi gif gebruik ?..jissis wat stink so..shit ek beter dadelik die swartsak uitsit..*

sy tree tot by die swartsak en vou die rant uit die blik en trek dit op, draai dit rats en maak n knoop, kyk om in die kombuis, maak die knoop weer los en gaan haal die lee melkkarton, gooi dit in die sak , dan sitkamer toe vir die koerant, gooi die in en na haar lessenaar om die asbakkie te gaan haal. . . *ek moet een of ander tyd al die papiere uitsorteer, haaaaa ek rook te veel.. ek gaan vroeg dood ek sweer, swart teer longe..n teerfabriek..haha..so what.. you only live once..*

sy sit die swartsak neer en gaan sit by haar lessenaar en boot haar rekenaar, steek n sigaret aan en sien weer die vol asbakkie, sy tel dit op en draai om en maak dit leeg in die swartsak. . . *ek beter eers die swartsak gaan uitsit, hey hoekom vat my rekenaar so*

lank om te boot.. o daar gaat hy nou..sug sy maak die kwartgerookte sigaret dood in die asbak en staan op, tel die swartsak op en stap tot by die deur, sit die sak neer en maak die deur oop, stap om die hoek en sit die swartsak in die hoek. . . ma het my altyd so irriteer met haar 'kom hou vir my die skoppie'.. Pa het altyd ons swartsak uitgesit..hoekom doen ek dit..


terug in die huis onthou sy van die visse en stap balkon toe, sy stoot die deure oop en knyp haar oë teen die skerp oggend son. . . altyd warm..ek haat hitte, ek haat dit..sy draai die deksel van die viskos af, en gooi versigtig viskos en al drie bakke. . . hello vissies..jammer jong .. julle is seker honger.. .die lelie BLOM !... ek moet een of ander tyd die waterplante snoei, dit raak al weer buite beheer sy kyk uit oor die groen grasperke, palms en bome. . . ek hoor nooit meer voëls nie..dis al die airconditioners..dit raas te veel..Darling is tog so stil.. ek kon die poue van ver af hoor..

terug in die huis stap sy kombuis toe en sit die ketel aan, haal n koppie en piering uit,sit die koffie in en twee lepels suiker, stap yskas toe en haal die melk uit. . . ek sal net vinnig aanlog, dan offline werk, al daai emails sorteer en antwoord, en vir blitz die comic.zip stuur die ketel kook en sy skink die water in, dan die melk, sit die melk terug in die yskas en stap na haar lessenaar toe. . . en ek wil daai aaklige link gif op my website ook verander, sommer gou n ander een maak

*en dit upload..shit my koffie..sy stap terug kombuis toe en mors in die ptering oppad terug lessenaar toe, sit die koppie neer en steek n sigaret aan . . .
haaaaaa..lekker ou dodespykers dan dubbelklik sy om online te gaan en maak haar notepad oop, die lyn is beset. . . ag nee..wel dan kan ek net sowel daai kortverhaal skryf..sy sit haar bril op en met n sug trek sy die gordyn toe dat die son nie op haar skerm skyn nie. . .wonder wat se kos ek vanaand moet kook, miskien daai hoenderpasta, het ek garlic ?.. sy stoot die muis weg en trek die sleutelbord nader. . . mm mm ja sy begin tik:*

Maandag Junie 23 1998 10:30 am

Sy loop badkamer toe en spoel die slaapsand uit haar oë, dan borsel sy haar tande, bo, onder, langs die kante en laastens borsel sy haar tong. . . o jissis, ek beter eerste die visse kosgee, dis seker al vier dae, en die plant wat van die deurskroef afhang.. o here..ek beter nie van die varing op die printer se tafel vergeet nie



Bloedbek

Pa het pas teruggekom van die see af en ons het om die tafel gesit in die kombuis, 'n goue songloed het deur die kombuisvenster op die tafel geskyn, terwyl

ons sit en groentesop eet. Die groot horlosie teen die besemkas se muur het op sesuur gestaan.

Pa was 'n stil man en het min gepraat, want hy het erg gehakkel, amper elke woord was 'n hakkelwoord. Pa hakkelpraat nog so ernstig met Ma toe ek uitbars van die lag vir hom, hy klap my toe dat ek deur die oop venster val op die stoep dat my neus en mond bloei, dit was seer en ek het gehuil, maar ek moes weer by die tafel kom sit en my sop klaar eet, met bloedbek, snot en tranes.

Dit was 'n les wat ek nooit sal vergeet nie, een van vernedering, ek het van daardie oomblik af nooit weer gelag vir hakkelaars of krippel mense nie.